

Hoofstuk van die dag: Job 35

> *… as jy sondig, wat doen dit aan God, as jy baie keer oortree, hoe raak dit Hom, as jy sonder sonde is, wat baat dit Hom, wat kry Hy van jou? Jou sonde raak jou medemens en jou onskuld raak jou medemens. (vers 6-8)*

Elihu verstaan nie God se hart nie. Ons sonde raak nie nét ons medemens nie (dit natuurlik ook); ons sonde breek God se hart.

Die hele verhaal van die Bybel skreeu dit uit. Jy hoef nie verder as Gen 3 te lees om dit te verstaan nie. Dawid beskryf dit goed in Ps 51. Dis nie vir Hom om ’t ewe of ons Hom dien of nie dien nie; trouens, ons sonde en sondigheid het Hom uit die hemel laat afkom om ons daarvan te verlos (Rom 3:23-24). Daarom was daar ’n kruis op Golgota (vgl 2 Kor 5:21).
Die probleem met Elihu se denke oor God was dat hy oor Hom geteoritiseer het, sonder dat hy aan Hom as ’n lewende, handelelende God gedink het wat in Jesus ons Vader geword het. Dan word God die soewereine, absolute Beginsel, en laat jy Hom nie toe om in jou lewe betrokke te wees nie. Dís nie die God van die Bybel nie!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026